# DE HALTE

## – GROEN VINGERS NUUSBRIEF –

Jaargang 1 | November 2019 | Uitgawe #4




*Kraakvars spinasie, kool en slaai blare uit ons eie skooltuin vir die Bosjes restaurant!*

# 'N KOSTUIN VAN FORMAAT

Welkom by die vierde uitgawe van ons nuusbrief. Daar het heelwat plaasgevind sedert ons laas gesels het en ons is baie opgewonde om dit met U te deel.

## 'n TWEEDE TUIN!

Die opbrengs van die groentetuin is sowaar iets om om trots te wees en daarom is daar sedert August maand hard gewerk om 'n tweede tuin area voor te berei. Kyk gerus na die fotos op die volgende blad wat die proses mooi visueel vertel.

## DRUP BESPROEIING

'n Groot bevordering is die nuwe drup besproeiing stelsel wat geinstalleer is. Water word op 'n konstante en stadige basis voorsien sodat die plant se wortelstelsel die geleentheid het om die water en nutriente op te kan neem voordat dit wegvloei of verdamp. Plante word bevoordeel met drupbesproeiing deurdat die skok van oornat en kurk droog toestande wat gepaard gaan met normale besproeiing vermy word.



Die drup stelsel voorsien ook water in die spesifieke area rondom elke plant soos wat ons dit bepaal. Dit beteken die plant, en nié die grond nie, word besproei. Dit beteken ook die area tussen plante waar bossies normaalweg groei, word droeër gehou. Drup besproeiing kan daarvoor dus beter onkruidbeheer tot gevolg hê.

## WURMPLASE

Soos ons in uitgawe 2 genoem het, as deel van die kompos projek en organiese tuinbou, het ons twee wurmplase bekend gestel en die wurmpies was omtrent doenig in die laaste 3 maande!

Soveel so, dat ons nou die" worm juice", of te wel vloeibare kunsmis kan bottel en verkoop.

Voordele van vermicompost sluit in verrykende grond, verhoogde oesopbrengste en onderdrukking van plantsiektes.




*Voertyd vir wurms en etiket vir 'wurm juice'*


Grond plat gemaak vir tweede groentetuin



Plant area word uitgemerk


Nuwe klip mure gebou



Nuwe plant bokse


Selfs die dreingat word versier met plaaslike klippe


Nuwe drup besproeiing stelsel



Nuwe drup besproeiing stelsel



Tamatieplantjies



Pampoenplantjies aan die blom



Nuwe drup besproeiing stelsel



Rape en beet geoes



Sprietuie geoes

# Van der Merwe wie sê jy?

Nee, 'n grappie is dit nie oor Afrikaans se gunsteling grap karakter Van der Merwe nie, maar 'n spesiale pruimedantboom

## PRUNE TREE SYMBOL OF FUTURE


*By Elise-Marie Steenkamp, Hortgro.co.za*

The International Prune Association (IPA) recently planted a young prune tree on the grounds of a farm school, Botha's Halte Primary School, in the Breede River Valley, a couple of kilometres from where the most successful South African prune variety was first discovered in the 1960s. The tree, a Van der Merwe prune variety, is considered to be one of the best prune varieties in the world. The IPA recently visited the region and was so impressed with the state-of-the-art farm school on Bosjes Farm that they decided to donate a tree to the school. The prune variety was discovered on a neighbouring farm that belonged to Koos van der Merwe.


The Van der Merwe requires less winter cold to bear a good crop and is better adapted to the main production areas of South Africa which has fairly mild winters with plenty of sunshine. The first prune trees in South Africa, Prune D'Agen, were imported by Harry Pickstone in 1892. The Van der Merwe variety is a genetic mutation from the original French variety.


The IPA Chairman, Chris Krone, said that the IPA hopes that the children will enjoy the fruit and the shade of the tree.

**"We want you to know where your food comes from, and hopefully some of you will one day make agriculture your career."**






# Kom speel lekker saam met MARK TOE!

Om bordspeletjies as gesin saam te speel hou baie voordele in veral vir 'n kind se ontwikkeling. Dit is pret, maar ook opvoedkundig en is goeie motivering om nuwe dinge te leer en besig te bly. Boonop versterk dit die verhoudings binne die gesin en lei tot beter kommunikasie. Die volgende vyf voordele word uitgelig:

**SOSIALE VAARDIGHEDE**
Die kind leer meer van spanwerk, geduld (omdat jy jou beurt moet afwag) en sportmanskap, m.a.w. hoe om 'n goeie verloorder ook te wees.

**SYFERVAARDIGHEDE**
Die spel behels die tel van blokkies of spasies wanneer jy jou speelstuk op die bord moet beweeg om by die eindbestemming te kom en syferherkenning speel ook 'n rol, omdat daar met 'n dobbelsteentjie gespeel word.

**VERBETER AANDAGSPAN**
Dit is dikwels nodig om strategie in te span sodat jou kind moet fokus en vir langer tye aaneen moet konsentreer.

**KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE**
Verskeie soorte speletjies verg kommunikasievaardighede wat lees, skryf, teken of rolspel insluit. Dit het weer 'n impak op selfvertroue.

**KOGNITIEWE ONTWIKKELING**
Probleemoplossing, besluitneming en kritiese denke is almal sleutelaspekte van strategie en beplanning en maak deel uit van talle bordspeletjies.

*Root-to-Grow hoop om met die belangstelling en ondersteuning van die Bosjes Trust die bordspel te ontwikkel tot 'n finale produk om in 2020 aan die Bothas Halte Primêre Skool se kinders beskikbaar te maak en moontlik aan die publiek te verkoop.*

***Hiermee 'n kort oorsig van die bordspel konsep:***

Vier kleurvolle roetes kronkel die hele bord vol met ewe groot en ewe veel spasies met karakters, leidrade, komplikasies en voordele, wat almal by die mark opeindig. Vier spelers kan saam speel, elk met hul eie roete.

Die karakters wissel van 'n wurmpie, tamatie en ander, maar dit is die pampoen wat die belangrikste is en lei tot die geleentheid op 'n kaart op te tel wat na 'n leidraad lei. Byvoorbeeld:

- jou wurms lewer top gehalte organiese kunsmis, beweeg 2 spasies vorentoe
- droogte vernietig jou tamatie saailinge, beweeg 3 spasies agteruit.
- skoenlappers bestyf jou onneblomme, beweeg 2 spasie voorentoe
- jy belê in 'n drup besproeiing stelsel, beweeg 2 spasies vorentoe
- wurm vermikompos beveg insekte en laat plante groei, beweeg 3 spasies vorentoe

Die eerste speler om die mark te haal wen. Spel en woordeskat kan aangepas word vir verskillende ouderdomsgroepe bv. Graad R tot 1, Graad 2 tot 3, ens.

'n Meer volledige omskrywing is beskikbaar – kontak asseblief vir Pieter Strauss op 072 421 3659 of pjs13@live.com

root-to-grow
SCHOOL VEGGIE GARDENS
together, making a difference


NON PROFIT CO. REG: K2011/125100/08